

REDAKSIES

Pretoria-Maranata
Redaktrise: Linda de Vente
gdevente@global.co.za
Lede: Cornelia Kerkhoff,
Hendriët Pouwels
Finansies: Erik Visser

Pretoria
Redaktrise: Carina Bijker
caad@tuks.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Lieze Bron, Eric Danielz,
Willem de Jager,
Arjan van Houwelingen
Illustrasies & voorblad:
Alex van Houwelingen

Kaapstad
Redakteur: Adriaan Haak
haakfam@telkomsa.net
Lede: Marthie Breytenbach,
Anja Luijk

ADMINISTRASIE

Uitleg
Marlene de Vente
marlienuh@msn.com

Administrasie
Administratief & finansies:
Hilda Middeljans
Ons hoop om **Die Olielamp**
10 keer per jaar uit te gee.
Hierdie uitgawe is ook
elektronies beskikbaar
by die volgende Internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Redaksioneel

So saam met die ongelooflikste mooiste jakarandas hier in Pretoria, kondig die eind-eksamens vir die studente luid en duidelik aan: dis weer die einde van jaar! Net vir somminges beteken dit vakansie, maar een ding is verseker - dis amperkies kongres!

Nou die dag besef ek net weer oornuut toe iemand dit noem: dit is harde werk om 'n Christen te wees; 'n nimmereindige stryd om teen jou eie sondes te veg.

Die postmodernistiese mens sal wonder: hoekom so dom wees om teen jouself te wil stryd? Jy moet jou menswees kan uitleef en ontwikkel, jou dwange en drifte bevredig, dit sou onmenslik wees om teen jouself te stryd... of hoe?

Uit dankbaarheid en gehoorsaamheid weet ons dat dit ons taak is om Christus hier op aarde te verteenwoordig sodat Sy evangelie verder gedra kan word. Elkeen word persoonlik, jy ook, hiervoor opgeroep. Dwight L Moody, 'n Amerikaanse evangelis, het eenkeer gesê: "of one hundred men, one will read the Bible; ninety-nine will read the Christian". Dit is dus enorm belangrik om te let op hoe om jou tong, verstand, hart en jou hele lewe (nie net Sondae nie!!) te gebruik en in te rig volgens Sy wet, al moet jy jou eie wense verloën.

Dit sou onmoontlik wees om dit op jou eie uit te voer, maar dan mag ons ook weet dat Hy ons sal bystaan soos die Here aan Josua sê in hoofstuk 1:9: 'Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan.'

Sterkte met die stryd en dankies vir almal wat artikels vir die Olielamp skryf, saam hou ons die lamp brandende en kan ons mekaar aanspoor om weer vuur en vlam te wees vir Sy werk.

Namens Pretoria,
Carina

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	2
Uit die Woord	3
Sondag 10 : God se voorsienigheid	3
Oppad	4
Die Mormone	4
God se plan vir ons lewe	5
Hoe raak ek gemotiveerd?	7
Die 2de wet van termodinamika (II)	8
Liefdesverhoudings	9
Voel jy ook so?	10
God, ek en... ..	10
Hoe ryk is jy regtig?	11
Boekresensie	12
Voetspore	13
Deur die sleutelgat	14
Blokraaisel	15

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is
13 November 2005

DIE OLIELAMP

O HEERSEER OOR PAPIER EN PEN,
DANKIE VIR DIE JEUGDIGE STEM
WAT U ONS ELKE MAAND WEER BIED
IN DIE JEUG SE GESKREWE LIED.


SOOS 'N LAMP OP 'N STAANDER
MAG DIT DIEN AS 'N BAKEN VIR ANDER.
DEUR U GEES WAT LEI
KAN DIT LIG OOR DIE WÊRELD VERSPREI.

(WILLEM FEENSTRA, 2005)

Uit die Woord

Sondag 10 : God se voorsienigheid

Clarisse du Plessis



“Kyk na die wilde voëls : hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle dan nie baie meer werd as hulle nie?” (Matt. 6 : 26) Ons lees so baie keer Matt. 6 : 25-34 en ons sing dit in die kerk uit Skrifberyming 17, maar besef ons regtig die voorsienigheid van God? Om besorg te wees oor die dag van môre is tog in elke mens en is deel van die lewe. Of is ons almal dalk so besig met ons daaglikse aktiwiteite dat ons vertrou op God nie meer volkome is nie?

In Handeling 17 vanaf vers 16 lees ons hoe Paulus die Ateners aanspreek. God het aan ons almal lewe en asem gegee. Uit een mens het Hy al die nasies gemaak, maar Hy het hul gemaak om Hom te soek. Hy is mos nie ver van enigeen van ons nie? Slegs deur God lewe ons tog, beweeg en bestaan ons! God voorsien ons in alle tye, selfs deur die slegte tye moet ons weet dat niks per toeval gebeur nie.

Dan vra ons onself af oor die natuurrampe van die afgelope paar maande reg oor die wêreld. Mense vra hoe God dit toelaat en of dit deel is van Sy plan. Waarom laat Hy dit toe? Het ons die reg om God op dié wyse te bevraagteken? Hy gee tog aan ons lewe, net so kan Hy dit ook mos wegneem? Alles wat gebeur is mos in Sy plan met ons, dus moet ons ons vertrou volkome op Hom stel, want Hy het ons oneindig lief. Job 2:10b “As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?”

Die liefde van God

Omdat ons menslik nie volmaak is nie, kan ons nie altyd God se liefde vir ons besef nie. Ons doen so baie sondes. Maar uit genade alleen kan ons leef. Daarom is dit goed om soms in ons gejaagde lewens rustig te word en God se liefde te ervaar. Ons is so lief vir Hom, maar ons liefde vir Hom is onvergelykbaar met Sy liefde vir ons. Sy liefde vir ons is volmaak, dus in alle teëspoed moet ons geduldig wees en weet dat God ons belowe het dat Hy ons nooit sal verlaat nie. In voorspoed moet ons dankbaar wees en dit ook wys. Ons moet ook as ons aan ons toekoms dink, op God vertrou. Geen skepsel kan ons van Sy liefde skei nie. Sonder die wil van God is ons tot niks in staat nie.

Die Israeliete, die volk van God

Toe die Israeliete in Egipte in slawerny gelewe het, het God Moses gestuur om hulle daar uit te lei. In Exodus 15:13 staan dat die volk uitgelei en verlos is deur die trou van God. Hy het aan hulle die krag gegee. Daardeur wys die Here vir ons dat ons altyd in Sy hande is.

Die volk het verskeie kere afvallig geword. Toe Moses teen die berg op is om God te ontmoet, het hul beelde gemaak en dit gedien. En dit terwyl Moses God se liefdesbriewe, die tien gebooie, ontvang het! Tóg het God hulle met 'n doel uit Egipte uitgelei. In Psalm 105:25 lees ons dan dat God die Egiptenare vyandiggesind gemaak het teen Sy volk.

Ons verstaan nie altyd waarom ons in sekere situasies geplaas word en waarom ons geloof

dan selfs in die proses beproef word nie. Ons moet weet dat God alles laat gebeur in Sy tyd. Die volk het veertig jaar in die woestyn rondgeswerf. Hier het God hul van water en voedsel voorsien, omdat hul daarvoor gevra het. Later het hul begin kla oor die manna en kwartels (Psalm 107 : 4-9). So leer ons dat ons baie keer nie die goeie raaksien wat ons uit God se hand ontvang nie. En dan wys ons ook nie dankbaarheid nie. Tog was God by hulle gewees en het hul uit hul ellende gered.

Die volk van God het verskeie kere in sondes geval en tog het die Hemelse Vader hulle Sy volk genoem. Met dankbaarheid kan ons weet dat ons in swaar tye en selfs geloofsbeproewing, styf in God se hand vasgehou word en niks met ons sal gebeur wat nie Sy wil is nie.

Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

*Die almagtige en oralteenwoordige krag van God
waardeur Hy hemel en aarde
en al die skepsels
asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat
lower en gras,
reën en droogte,
vrugbare en onvrugbare jare,
voedsel en drank,
gesondheid en siekte,
rykdom en armoede,
en alles,
ons nie per toeval nie,
maar uit sy Vaderhand toekom.*



Die Mormone

Cornelia de Jager

Het jy al van hierdie sekte gehoor? Dit het maar vreemd vir myself geklink, maar dis baie belangrik om te sien wat om ons in die wêreld aangaan.

Die ontstaan van die mormone

Die stigter was Joseph Smith, gebore in 1805 uit arm ouers. Hy trou op 18 Jan 1827 stilletjies met Emma Hale, teen haar ouers se wil. Hy sien al van jongs af gesigte, en bid vir wysheid omdat hy geen geleerdheid gehad het nie. Toe hy met dié doel in 1820 in 'n bos bid, verskyn

God (so gesê) aan hom en sê vir hom hy moet 'n kerk stig. Op sy vraag by watter kerk hy moet aansluit, kom die antwoord dat hy by geen kerk moet aansluit nie omdat alle kerke vals is.

In 1823 verskyn die engel Moroniaan aan hom en sê dat God vir hom 'n werk het. Hy oorhandig twee plate wat by die heuwel Cumora begrawe was en waarop die "ewige evangelie" is, soos Jesus dit geskrywe het. By die twee plate was klippe vasgebind aan 'n borsplaat wat bestaan uit die Urim en die Tummim wat God

spesiaal vir die vertaling van die boek voorberei het. Smith het dié toe binne ses maande in Engels vertaal.

'n Paar van hulle leerstellings

1.) Hulle glo in die Bybel as die Woord van God, sover dit reg vertaal is. Verder glo hulle ook in die boek van Morman as die woord van God.

Art. 9: Hulle glo in alles wat God geopenbaar het, en glo dat Hy nog belangrike dinge oor Sy koninkryk gaan openbaar.

Hierteenoor glo ons Christene in die Bybel as die enigste, ware Woord van God, onfeilbaar deur die Heilige Gees geïnspireer (2 Tim. 3:16; 1 Kor. 2:13), en ook dat daar geen ander of latere openbarings is nie. Daar is ook geen ander boek gelykwaardig met die Bybel nie. (Heb. 1:1; Op. 22:18, 19).

2.) Hulle sê dat God 'n liggaam het van vlees en bene so tasbaar soos enige mens.

Daarteenoor leer die Bybel ons dat God 'n Gees is en on sienlik is (Joh. 4:24; Heb. 11:27).

3.) Hulle sê God kan voortplant.

Hierdeur loën die Mormone die almag van God by Sy skeppingswerk (Gen. 2:7) en verneder God tot 'n gewone mens met hartstogte.

4.) Verder glo hulle oor die versoening (Art. 2) dat die mens vir sy eie sondes gestraf sal word en nie vir die oortredinge van Adam nie. Christus se versoening dek dus net die

oorspronklike sonde en oortreding van Adam, terwyl verlossing van persoonlike sondes deur eie gehoorsaamheid geskied.

Hierteenoor glo ons dat die Bybel leer dat die soendood van Jesus Christus genoeg is vir die versoening van al ons sondes (Hand. 4:12; 1 Tim. 2:5).

5.) Oor die mens glo hulle: Die mens is as geeste deur God geskape voordat hulle na die aarde gekom het om 'n menslike liggaam aan te neem. Hulle glo ook dat God was wat ons nou is en dat ons sal word wat God nou is. Mense wat die ewige verbond van die huwelik aangegaan het word gode, die ander word engele en dienende dienaars.

Hierteenoor leer die Bybel dat die mens met 'n liggaam en 'n siel gebore is. Verder leer ons ook dat daar tot in ewigheid net een God is, en nie in veelgodendom nie. Die mens bly mens en word nie 'n god of engel nie.

Dit was nou maar net 'n paar leerstellings van die Mormone. Ons sien hieruit dat hulle dwaal omdat hulle nie God se Woord as die enigste Waarheid beskou nie. Laat ons dankbaar wees vir die genade wat God aan ons bewys het deurdat ons mag glo dat die Bybel die enigste ware Woord is. Ons moet ook altyd versigtig wees vir sulke leerstellings en nie in die leringe verstriek raak nie. Kom ons bid vir hierdie mense wat totaal van die pad afgedwaal het omdat dit ons dankbaarheid vir God se genade kan bewys!

God se plan vir ons lewe

Bea Bruintjes

*"Die hele skrif
is deur God ingegeë
en is nuttig
tot lering,
tot weerlegging,
tot teregwyding,
tot onderwysing in geregtigheid,
sodat die mense van God volmaak kan wees,
vir elke goeie werk volkome toegerus."
(2 Tim. 3:16,17)*

"Wat gaan jy swot as jy klaar is met skool? Het jy toe daardie aanbod aanvaar vir werk in Engeland?" Soos 'n mens ouer word, word die besluite wat 'n mens elke dag moet neem van meer belang. Besluite soos watter werk om te doen, waar om te werk, wat gaan ek doen met die geld wat ek verdien, hoe hanteer ek morele probleme soos abortsie en eutanase, of en

wanneer ek oorsee gaan, ens. Hierdie is vrae en besluite wat jong Christene ook elke dag besig hou. Daar is net een groot belangrike verskil en dit is dat ons as kinders van God almal graag Sy plan vir ons lewe wil weet. Ons wil Sy hand in ons lewe sien en bid vir Sy leiding.

As ons nou mooi na onself gaan kyk en hoe ons ons daaglikse take verig en dinge beplan en besluite maak, kom die vraag "Lewe ons regtig in vertroue op God se leiding? Sien ons in alles Sy hand en leiding in ons lewe?" Vandag se lewe is so gejaag en ons gedagtes is besig met werk, ontspanning, besluite wat gemaak moet word, deadlines, ens. Wat maak dit by ons anders as kinders van God? Dat God 'n plan het vir ons lewe en daarom loop ons nie ons eie paadjie nie, maar soek God se wil in ons lewe.

Hoe ontdek ons God se plan vir ons lewe? God het ons Sy Woord gegee waarin Hy alles aan ons bekend gemaak het wat nodig is vir ons lewenspad as kinders van God. Daar is mense wat sê dat God met hulle kommunikeer in 'n klein stil stem – “listen to God’s voice within”. Dan is daar ook mense wat kyk na sekere tekens wat duidelik maak wat God se plan is in hulle lewe – “look for signs of God’s leading”. Ander luister weer na hulle gewete – “let conscience be your guide”.

Daar is net een duidelike riglyn waarna ons moet kyk as ons God se plan in ons lewe wil raaksien, en dit is die Bybel. Die riglyn vir ons lewenspad is Bybelstudie en gebed. Die Bybel is heeltemal voldoende om 'n lamp vir ons voete te wees en 'n lig op ons pad. “For the discovery of God’s will for our lives, there is no substitute in all the world for diligent and prayerful study of the Word of God. God has not left us in the dark or in the twilight. He has not left out *anything* that

is important for us to know on our journey with him”.

As ons dit gaan toepas in die lewe van elke dag en die dinge waarmee ons in aanraking kom, dan sien ons dat God ons nóg iets gegee het om ons te help: die Bybelse gedagte van wysheid. Bybelse wysheid beteken om suksesvol te lewe in God se wêreld. Die wyse persoon verstaan dat die wêreld op 'n sekere manier bestaan en werk, want God het dit so geskape. Die wyse persoon verstaan dit en maak sy pad deur die lewe op hierdie fondasie. Hierdie wysheid leer ons ook in die Woord van God – dir bring ons dan weer terug by die gedagte dat God se Woord die enigste riglyn vir ons lewe is. “Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en die kennis van die Helige is verstand” (Spr. 9:10).

“Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug (2 Pet. 1:3)

Kruisdra in die Kerkgeskiedenis

Calvyn (III)

“Ons verklaar dat deur die voorsienigheid van God, nie net die hemel en die aarde en die skepsels sonder siele nie, maar ook die beraadslagings en die wil van die mens beheer word sodat dit presies die doelwit sal bereik wat God daarvoor bestem het” - Johannes Calvyn.

Dit sien ons in Calvyn se lewe, maar God se voorsienigheid is ook duidelik sigbaar in ons eie lewe. Die laaste wat ek oor Calvyn geskryf het, was dat hy en Farel uit Genève verban was deur die Libertyns-oorheersende stadsraad.

Kort na sy verbanning, word Calvyn deur die protestantse vlugteling in Straatsburg gevra om hulle daar te kom begelei. Hulle het gevlug uit Frankryk as gevolg van die hewige vervolging. Calvyn het ingestem en Straatsburg toe gegaan. Daar het hy die kommentaar oor die boek Romeine geskryf en ook 'n nuwe, uitgebreide weergawe van die Institusie. In Straatsburg moes hy die gemeente lei en hy het baie waardevolle ondervinding opgedoen. Hy het die mense geleer en onderrig. Dit is ook daar waar hy getroud is met die weduwee, Idellette van Buren.

Intussen het Genève weer so agteruit gegaan dat daar gepraat is van die stad as Sodom. Om alles te vererger, dreig Rome om weer die stad in besit te neem. Daar was vir die inwoners net een uitweg. Net een persoon waarvan hulle weet, kan hulle uit die gemors uit help: Johannes Calvyn. Ongelukkig weier hy. Na vele onderhandeling en redenering oortuig hulle hom tog. God het 'n doel met Calvyn in Genève.

Met sy aankoms kry hy 'n groot verwelkoming. Hy begin onmiddellik 'n aansienlike salaris verdien en die mense laat maak vir hom 'n nuwe deftige jas, as geskenk. Alles is egter nie net maanskyn en rose nie, want die stryd met die Libertyne woed voort en Calvyn moet omtrent van voor af die mense onderrig in God se wil. In dié tyd sterf sy vrou na 'n huwelik van 8 jaar. Ook sy kinders sterf van siekte. Calvyn is egter ook nie 'n gesonde man nie en het maar beperkte energievlakke.

Ondanks die hartseer en siekte, preek hy elke dag en begin ook 'n teologiese skool. Hy skryf die Geneefse belydenis wat die kerk kan gebruik. Mense word gestraf vir hul verkeerde dade, soos wat dit in die Bybel vereis word bv. daar was drie jongmanne wat tot laat in die nag 'n partytjie gehou het waar al drie te diep in die bottel gekyk het. Hulle is gearresteer en moes vir drie dae in 'n sel deurbring met net brood en water.

Stadig maar seker het die gemeente in Genève gegroei en sterker geword. God gebruik Calvyn om dit op te bou. So gebruik God nog steeds mense soos die predikant om ons te lei in Sy woord.

Hoe raak ek gemotiveerd?

H Lubbinge

Wie van ons het nie alreeds met hierdie probleem te doen gehad nie? Jy is nie lus vir enigets nie. Daar is 'n belangrike toets of eksamen wat voorlê, maar jy kry jouself net nie sover om te begin leer nie. Wat is fout? Hoekom kan ek net nie myself motiveer nie?

Ons praat maklik oor motivering. Maar wat is dit werklik?

Kom ek begin met 'n eenvoudige voorbeeld om dit te illustreer. My hond lê in die sitkamer terwyl hy weet hy mag nie daar wees nie. Hoe gaan ek hom motiveer om uit die sitkamer te bly?

Metode 1: Ek raas met hom en gee hom nog boonop 'n skop! Tjankend hardloop hy buitentoe. Het ek nou my hond gemotiveer? Ek dink julle sal saamstem: Nee, glad nie! Tog word hierdie metode baie tussen mense toegepas. Dit is die baas wat glo die enigste metode om werk gedoen te kry is die sg. "skop onder die agterent" metode.

Metode 2: Kom ons kyk na 'n ander manier om my hond te motiveer. Ek vat 'n lekker stukkie wors en lok hom uit die sitkamer uit. Het ek nou my hond gemotiveer? Nee, weer nie! Ek gaan hom dalk juis motiveer om weer in die sitkamer te lê, want dan kry hy weer 'n lekker stukkie wors.

Tog sien ons dat geld of lekkergoed (in die plek van die stukkie wors) gebruik word om mense iets te laat doen. Gee iemand 'n bonus of verhoging. Dit werk vir 'n rukkie. Nee, dit motiveer nie, dit is slegs 'n lokmiddel.

Dit is dus nie so eenvoudig om mense te motiveer as wat dit op die eerste oogopslag lyk nie. Om mense te motiveer moet ons weet wat motivering is. Kom ons wend 'n poging aan. Daar is baie lang wetenskaplike definisies. Ek wil egter hou by die volgende eenvoudige definisie: **'n gemotiveerde persoon doen met graagte iets uit sy eie.**

Die eerste wat ons hieruit leer is, dat as **iemand anders** oortuig (gemotiveerd) is dat ek hard moet leer, hy dit nie aan **my** kan oordra deur 'n opdrag, raas, straf, vergoeding ens nie. **Motivering kom van binne.** Hoe gaan ek dit regkry om die regte gemotiveerdheid by myself te kweek? Menslik lyk dit onmoontlik.

Kom ons probeer iets leer uit 'n paar voorbeelde:

- 1 Jaarliks hou die spoorweë 'n kompetisie oor watter stasie die mooiste tuin het. Een stasie in Mpumalanga het vir baie jare die prys gewen. Die stasiemeester van die klein stasietjie is gevra hoe hy dit regkry. Hy is gevra hoeveel personeel hy het om voltyds in die tuin te werk, en waar hy die geld vir die plante vandaan kry. Tot almal se verbasing het hy die volgende geantwoord: "Daar is geen voltydse personeel om in die tuin te werk nie. Die personeel werk etenstye of na-ure om die tuin in stand te hou. Die plante is skenkings van die personeel en die mense van die dorpie." - Nou toe nou! Dit moet 'n uitsonderlike stasiemeester wees wat sy mense en selfs die dorp so motiveer! Hoe kry hy dit reg?
- 2 In Kwa Zulu/Natal is baie suikerriet landerye. Om die suikerriet van die lande af tot op die spoorwaens te kry verg baie arbeid. Een toesighouer het dit reggekry om die hoeveelheid waens wat gelaai word per maand te verdubbel sonder dat hy by magte was om hulle 'n sent ekstra te betaal. Hoe het hy dit reg gekry?
- 3 'n Bank stel jaarliks sekere doelwitte aan opbrengste om sy personeel te motiveer. Vir jare was die doelwit steeds hoër gestel as wat die vorige jaar bereik was. Byvoorbeeld: Die doelwit wat gestel was, was 4% maar net 2% was bereik. Ons moet nou regtig ons sokkies optrek, daarom stel ons die doelwit vir die volgende jaar op 6%. Wat was die resultaat? Slegs 2,5%. Hoekom het die doelwit as motivering nie gewerk nie?
- 4 'n Kind met gemiddelde vermoëns het gemiddeld op skool gepresteer. Die ouers het die kind geprys en gesê dat hulle tevrede is. Die kind het daarna ekstra hard gewerk en sy gemiddel met 5% laat styg. Hoekom het die kind sonder aanmoediging om beter te presteer, dit wel uit sy eie gedoen?

Uit die bogenoemde voorbeelde kom daar reeds 'n sekere patroon na vore. Om dit op te som. Die volgende vereistes is nodig om gemotiveerd te wees:

1. **Ek moet 'n duidelike doelwit of visie hê van iets wat ek wil bereik.** Dit help nie dat die doelwit deur iemand anders gestel word nie, bv my ouers besluit 'n kind moet 'n dokter word nie, of dat my

punte bo die 80% moet wees nie. Die ouers kan wel subtiel stimulerend optree.

- 2. Terugvoer is noodsaaklik oor die vordering en prestasie.** Dink jou in dat jy golf speel, maar daar is nie 'n putjie nie. Hoe kan jy gemotiveerd wees? Daar is geen doelwit nie, en daarom kan daar ook geen prestasiemeting wees nie. Niemand sal aan soiets begin nie. Maar omdat daar 'n putjie is, en 'n baansyfer, is daar 'n duidelike doelwit. Soos wat jy speel is daar duidelike terugvoer, omdat jy kan sien in hoeveel houes jy die putjie bereik het.

By die skool/universiteit ens. is daar verskeie metings, waarvan toetsuitslae een is. Soos met golf, is nie almal ewe goed nie. Elkeen speel vir sy eie doelwitte. Dit maak nie regtig saak wie gewen het nie. Saam geniet ons die spel en kan ek waardering hê vir die een wat beter speel as ek.

- 3. Selftevredeheid en trots.** Dit is baie belangrik dat enige persoon nie net feitlike terugvoer ontvang nie. Positiewe emosionele waarde terugvoer is die belangrikste. Ek wil weet of my ouers en onderwyser tevrede is, selfs al kry ek net 50% omdat dit my vermoë is.

Die stasiemeester het met sy personeel gepraat oor die kompetisie. Hy het verduidelik dat daar nie geld en tyd in werkstyd is nie. Die werkers het as span besluit hulle **gaan** die prys wen. 'n Duidelike doelwit. Dink net aan die opwinding toe hulle die eerste keer

gewen het! Die prystoekening deur die Hoofdirekteur! Geld kan dit nie gee nie.

Die span wat suikerriet gelaai het is gemotiveer omdat die hoeveelheid gelaai per dag op 'n bord aangebring is. Hulle kon dus elke dag sien hoe hulle die vorige dag gepresteer het. Dit het vir hulle 'n uitdaging geword om hulle prestasie te verbeter. Vir die verbeterings het hulle erkenning en lof gekry. Dit was vir hulle genoeg.

Die kind wat sy ouers tevrede gestel het omdat hy na sy vermoë 50% gepresteer het, was gemotiveer om ekstra sy bes te doen om hulle te plesier. Dink net hoeveel tevredeheid en verdere motivering die kind daaruit gekry het toe hy sy prestasie met 5% kon verhoog.



Die 2de wet van termodinamika (II)

Oom Hilko

Die vorige keer het ons gesien dat die 2de wet van termodinamika alles met ons lewe te make het. Deur dit te verstaan kry ons 'n beter kyk op die lewe en ons stryd teen die gevolge van die sondeval. Hierdie keer gaan ons kyk wat die effek van die 2de wet van termodinamika is op die wêreldsiening van ons post-moderne samelewing.

'n Ander manier om die 2de wet van termodinamika te omskryf is die volgende:

ALLES HET DIE NEIGING OM VAN HOËR VLAKE VAN ENERGIE NA LAER VLAKE VAN ENERGIE TE BEWEEG

Alles neig na 'n toestand van ewewig. Bv. warmte versprei hom na sy omgewing totdat alles dieselfde temperatuur het. Die hitte van die son en die sterre word uitgestraal met dieselfde neiging.

Om die gedagterigtings van vandag te kan verstaan moet ons eers kyk waar dit vandaan kom:

- In die eeue voor die Renaissance het die Rooms Katolieke denke die wêreldsiening oorheers. Hierdie wêreldsiening was dat die geestelike die allesoorheersende belangrike is. Die liggaamlike en

wêreldse moet afgesterf word. Vandaar die kloosters.

- Met die Renaissance het daar in reaksie op die Roomse denke 'n ommeswaai gekom. Die geestelike is afgesweer. Die rasionele, aardse, liggaamlike is al wat tel. Hieruit het ook die ewolusionistiese siening voortgekom. Daar is 'n natuurlike opwaartse ontwikkeling. Die mens kan self steeds hoër hoogtes bereik. Die nasionaal-sosialisme (Hitler) en die kommunisme (Karl Marx) was denkrigtings wat hieruit voortgevloei het.
- Verskeie wêreldoorloë het die geloof in die rasionele en positiewe vooruitgangsgedagte geskok. Einstein het aangetoon dat alles relatief is. Dat tyd en massa in die ruimte geen betekenis of sin het nie. Dit, saam met die 2de wet van termodinamika, het tot 'n skokkende slotsom gelei.

Die wêreld is soos 'n sandkasteel wat op een of ander manier ontstaan het, maar nou aan sy eie oorgelaat is om te verval totdat daar op die strand geen teken meer daarvan oor sal wees nie.

Een of ander tyd in die toekoms sal die heelal heeltemal in chaos verval het. Dit sal neig om 'n toestand van ewewig te bereik waar heel die ruimte dieselfde temperatuur het. Dan sal daar geen *nuttige* energie meer oor wees nie en sal

geen vorm van lewe meer kan bestaan nie. Dit word die *Warmtedood* van die heelal genoem.

In die plek van die positiewe vooruitgangsgeloof begin die gevoel van hopeloosheid en sinloosheid posvat. Ons wêreld is maar 'n statistiese toevalligheid, sonder uitsig op 'n toekoms en sonder doel.

Dit is die wêreld waarin ons leef. Hierdie post-moderne wêreld het die Christendom agtergelaat as verouderd. Die wetenskap en tegniek kon ook nie die 'paradys' bring nie. Dat die mens van nature sondig is en dat daarom al die ellende in die wêreld kom, is vir hulle 'n storie. Die mens beweeg weg van die hoop in die rasionele (die wetenskap en tegniek) om die heil te bring. Nou soek hulle dit in 'n nuwe bedeling van die nuwe eeu ("New Age"). Die irrasionele (bo natuurlike) kry weer 'n plek. Die Oosterse gelowe met hulle mistiek kry steeds meer aanhang. Die geloof in magiese kragte word selfs in die wetenskap in gebring. Die effek van hierdie verskuiwing kan ons nog maar net gedeeltelik sien. Wat gaan die toekoms bring?

Ons het die enigste hoop en troos in lewe en in sterwe. In die Post-Moderne tyd word hierdie boodskap nie meer aanvaar nie. Ons was al die jare gewoon aan 'n Christelike samelewing. Dit sal steeds meer verander. Dit gaan steeds meer van ons verg om getrou te bly. Wees daarom voorbereid en moenie aan die slaap gevang word nie.

Liefdesverhoudings

Harold Lotz

Die liefde, iets waarvan ons almal so bietjie weet. Dit is verbasend hoe baie krag hierdie klein woordjie dra. Dit kan letterlik 'n persoon se dag maak, of hom van blydschap laat skitter. Net vyf woorde, in een sin: "Ek is lief vir jou!" Dit is glad nie snaaks om te sien watter inpak hierdie klein woordjie op ons lewens het as ons 'n bietjie kyk na die Bybel nie. As ons die Bybel lees, lees ons hierdie woord op talle plekke raak. Dit is dus ook duidelik dat die woord ook baie betekenis by God dra. Hy het van die begin van die Bybel dit duidelik gemaak dat die mens met liefde moet leef. In die begin het die Here die mens gemaak, en gevind dat die mens alleen was, sonder 'n maat ('n gelyke, een soos hy). God het toe die vrou gemaak, om die man by te staan, en om hom te help met sy taak, en ook sekerlik om hom lief te hê.

Na die sondeval, het die liefde egter verander. Die liefde was nie meer volmaak nie. Die liefde het 'n ander betekenis gekry, en 'n gedeelte van sy krag verloor. Ook is die mens na die sondeval nie in staat om uit homself lief te hê nie. Dit bring my by my eerste punt:

Die liefde vir God

Die liefde sonder God is heeltemal betekenisloos. In die Bybel vind ons die volgende verklaring oor die liefde:

"Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor die onreg nie, maar verheug om oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles".

Dit is mooi om te sien hoe God oor die liefde voel! Hy maak sy liefde aan ons bekend, en hy gee selfs sy enigste Seun as offer om ons van ons sondes te bevry. 'n Groter liefde as die liefde van ons God aan ons, kan ons nêrens anders kry nie! Hy is die bousteen van al ons liefde. As ons egter nie die liefde van God in ons harte het nie, is dit vir ons onmoontlik om aan die eise van die bogenoemde verklaring te voldoen.

Die liefde vir ons naaste

Die liefde vir ons naaste is ook baie belangrik vir God. Hy het nie die mens gemaak om mekaar te haat nie, maar om die aarde te bewoon en te bewerk. In Romeine 12:9-21, vind ons riglyne vir 'n Christelike lewe. Hier sien ons dat ons deur tye van verdrukking moet vas staan in gebed. Daar staan nêrens dat ons moet terug veg, of wraak neem nie, intendeel, daar staan in vers 17 dat ons nie kwaad met kwaad moet vergeld nie, en dat ons goedgesind moet wees teenoor alle mense. Ja, nie net spesifieke mense wie ons sou verkies om lief te hê nie, maar almal, selfs ons vyande! Daar is ook 'n baie mooi gedeelte in die teks wat ons beveel om ons vyande kos te gee wanneer hulle honger is, water wanneer hulle dors is, want deur dit te doen, maak ons hulle vuurrooi van skaamte. Dit wys ons weereens watter krag die liefde dra!

Die liefde vir ons ouers, broers en susters

Daar is 'n grappie waar die onderwyseres vir haar graad 1 klas gevra het wat die Bybel sê oor ons optrede teenoor ons broers. Sy het die volgende antwoord gekry: "Thou shalt not kill". Dit is egter nie die enigste gebod wat geld wanneer ons na die familie verhoudings kyk nie. Ons moet mekaar lief hê, en mekaar opbou. Die

Bybel leer ons om ons broers te vermaan wanneer ons sien dat hulle afdwaal. Ons moet mekaar onvoorwaardelik liefhê en ondersteun. Die Bybel leer ons hoe om teenoor ons kinders en ouers op te tree. Ons moet ons vader en moeder eer en gehoorsaam wees aan hulle, en as ouers moet ons ons kinders nie opstandig maak nie.

Die liefde vir die teenoorgestelde geslag

Om mee af te sluit, raak ek aan die liefde tussen 'n ou en 'n meisie. Vir God is dit 'n baie mooi saak wanneer 'n ou en 'n meisie of man en vrou vir mekaar lief is! Hy het dit so mooi gevind, dat Hy die troue ingestel het, waarin hy die man en vrou aan mekaar verbind, tot die dood toe. Dit is 'n goeie instelling, en ook seker iets waarna elkeen van ons uitsien! Die liefde moet egter eers klein begin en groei tot op hierdie punt waar die geliefdes gereed staan om te trou.



Die liefde begin deurdat die twee van mekaar hou, dan word hulle lief vir mekaar, en later groei die liefde so groot, dat hulle hulle lewens met mekaar wil deel. Die liefde groei deur

die wil van God, en deur sy werking. Daarom is dit baie belangrik om die liefdesverhouding op die vaste fondament van God te bou! Deur op Hom te bou, verseker ons dat die verhouding op die regte manier, en vir die regte redes begin is.

God vereis van ons om mekaar te eer, lief te wees vir mekaar, mekaar te verdra, te help, te ondersteun, te vermaan en te respekteer.

© Voel jy ook so?

God, ek en...

Christiaan Luijk

Ons het almal somtyds dinge wat ons voor of naas God sit soos bv. sport of geld of iets dergelyks. Dit kan selfs gebeur sonder dat ons dit self eintlik besef en kan by tye baie ernstig word. Daarom moet ons ook oppas dat ons dit nie verafgod nie, waar die eerste gebod ons ook teen waarsku (Exodus 20:3-6). God sê ook in

die eerste gebod dat Hy 'n jaloerse God is, daarom wil Hy hê dat Hy die enigste in ons lewe sal wees en dat ons niks voor of naas Hom sal plaas nie. Dan besef jy pas hoe liefdevol en genadig God is dat Hy ons as sy kinders wil hê, ons mense wat met sonde bevlek is.

As ek kyk hoe goed God vir ons is kan ek nie verstaan hoekom mense iemand of iets anders as God wil dien nie. Ons sondige mense is so gewoon aan God se liefde en genade dat ons dit later nie eers meer besef nie, en om dan nie uit liefde net vir God te lewe nie is soos 'n klap in die gesig en is vir my onverstaanbaar.

God het uit Sy liefde en genade Sy eniggebore seun, Jesus Christus, vir ons gegee om aan die kruis te sterwe en ons van die kloue van die duiwel en die sondes te verlos en die Heilige Gees in ons laat werk om soos kinders van God te lewe sodat ons eendag saam met Hom vir ewig kan lewe. En dan vra ek jou hoe kan jy nie uit liefde net vir God wil lewe nie?

In vandag se gejaagde wêreld moet ons net vir 'n slag stil word en daarvoor dink om regtig te besef hoe wonderlik dit eintlik is. God belowe ook aan ons dat Hy eendag terug sal keer na die aarde om ons na Sy beloofde land te neem wat Hy vir ons gereed gemaak het, sodat ons net met Hom sal lewe vir ewig en altyd en nie saam met Hom en my Allah beeldjie nie.

Maar ons sal op aarde altyd mens bly en daarom is dit maklik om in sonde te val en moet ons versigtig wees om nie te geheg te raak aan die wêreldse dinge nie. Ons moet altyd tot God bid om te vra dat Hy ons sal versterk om altyd vir Hom te lewe as Sy kind, want ons as mens kan niks uit onself doen nie. As ons in sonde val kan ons altyd vir Hom om vergifnis vra. Dit is een troos wat ons kan ontvang en altyd seker van kan wees, dat as ons berou het oor ons sonde God dit altyd sal vergewe. Want God het dit aan ons belowe!

Hoe kan ons dan nie vir God wil lewe as alles saam nie eers naby aan God se almag kom nie? Iemand wat anders dink, weet en ken nie die waarde van God se liefde, almag, genade, vertroubaarheid en krag nie. As kind van God mag ons altyd seker wees dat ons gered en uitverkies is en dat ons eendag saam met Hom mag wandel in die beloofde land.

Hoe ryk is jy regtig?

Anoniem

Sonder geld is jy niks, niemand, nie belangrik nie. Is dit nie hoe dit deesdae in ons samelewing gaan nie?

Geld in ons samelewing

Jou status hang af van die tipe kar wat jy ry of die klere wat jy dra en mense soek nie iemand wat heeltyd afhanklik van hulle is nie. Maar daar is een ding wat ons moet onthou: "Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie, maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie, want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees." (Matt. 6:19-21).

Dis al wat geld is, aardse skatte en dit kan 'n verskriklike invloed op mense hê. Hulle kan

geldgierig raak, behep met hulle geld en rykdom. Maar ons moet nie net aan nou dink nie, maar aan die toekoms waar geld en aardse besittings geen nut gaan hê nie. Jou hart is waar jou skatte is en as jy heeltyd behep is met jou rykdom fokus jy nie op dit wat regtig belangrik is nie, op jou toekoms, by God.



Dink aan die gelykenis van die ryk dwaas. Hy het al sy skure afgebreek om vir hom groter skure te bou, maar in daardie selfde aand is hy oorlede. Hy was so behep met sy rykdom dat hy nie aan die dinge gedink het wat hom ware rykdom gaan gee nie. Maar dit beteken natuurlik nie dat ons nie ons toekoms mag beplan nie, jy moet na jouself omsien en daarvoor het jy geld nodig. Ons moet net nie dat dit ons hele lewe begin beheers en al ons aandag opeis nie.

Geld onder ons jeug

Dan is daar natuurlik die bydraes wat ons aan die kerk skenk. Ons het nooit geld om vir die kerk te gee en VVB te betaal nie, maar daar is altyd geld om te gaan kuier en vir sigarette. Ons kleres kan nie sommer enige plek gekoop word nie en moet 'n sekere naam op hê, anders is dit nie goed genoeg nie. Ons prioriteit is nie meer God en hoe ons Hom kan dien met ons gawes nie.

Ons is op hierdie aarde om Hom te dien. En Hy verwag ook nie van ons om duisende en duisende rande elke Sondag in die kollekte te gooi nie, net dit wat ons kan. Dit gaan nie oor die hoeveelheid wat jy gee nie, maar die gedagte. Dink maar aan die aalmoes van die arm weduwee. (Mark. 12:41-44). Sy het ingegooi wat sy gehad het en het meer prys van Christus ontvang as almal wat baie ingegooi het.

Ons moet onthou dat alles wat ons het nie werklik aan ons behoort nie, maar aan God wat alles vir ons skenk. Die geld wat ons verdien kan in soveel verskillende maniere tot voordeel vir ander gebruik word en op die ou einde tot nut vir onself. Byvoorbeeld om 'n klein iets vir iemand te gee om te sê jy dink aan hulle, en om niks terug te verwag nie. Ons moet nie mense klassifiseer deur hoe ryk hulle is nie, maar op wie hulle is. Onthou, alles wat jy gee sal eendag tienvoudig na jou toe terugkom.


Ons het nie iemand nodig om te sê hoe om met ons geld om te gaan nie, maar om die jeug te herinner wat regtig die prioriteit in jou lewe moet wees. Nie ons geld nie, maar God, dit is waarna elke Christen moet streef.

The Treasure Principle – Randy Alcorn

Boekresensie

“Dis ek, Anna” deur Elbie Lötter

Magriet Smit



Die pad lê donker, eindeloos voor my. Soos my lewe. Nee, soos my lewe was. Voor die son môre opkom sal ek hom in die oë kyk, sal ek hom laat boet. Ek is op pad om my lewe terug te vat. Nie te vra nie. Nie te bedel nie. Te vat. So sal dit wees...

Ek was 8 jaar toe my ma oom Danie huis toe gebring het. Agt jaar. Vandat ek agt was, tot met sestien jaar, was my lewe . . . anders. Dis al woord waaraan ek kan dink om my lewe te beskryf. Anders. Daarom sit ek vandag, nou, in my motor, op pad vir agt uur, sodat ek agt jaar van onreg, van hel kan uitwis...

Hierdie boek is gebaseer op 'n ware verhaal en laat die hare van lesers rys. 'n Mens kan amper nie glo wat gebeur nie. Die boek handel oor Anna se lewensverhaal. Sy word as kind herhaaldelik verkrag deur haar stiefpa terwyl haar ma haar blind hou vir die probleem. Die boek tydspeel tussen die hede en die verlede. In die hede vind ons die volwasse Anna wat op soek is na vergelding teenoor die man wat haar diepste menswees aangetas het. In die verlede speel die storie af gedurende haar kinderdae en hoe sy worstel met die probleem, van 'n stiefpa wat haar seksueel misbruik, emosioneel aftakel en manipuleer.

Hoe sien ons dit in die lig van die Bybel? Die invloed van Satan en die sonde is duidelik te sien in hierdie boek. Die groot vraag is - wie dra die grootste blaam? Haar stiefpa wat die daad gepleeg het? Of haar ma wat nie wou luister nie? Twee teenstrydige begrippe kom duidelik na vore:

Wraak vs Vergewing

Wraak

Deut. 32:35 - *My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet sal wankel; want die dag van hulle ondergang is naby, en wat oor hulle beskik is, kom gou.*

Rom. 12:19 - *Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.*

Heb. 10:30 - *Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.*

Vergewing

Mar. 11:25 - *En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle juroortredinge mag vergewe.*

Matt. 6:12 - *...en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe...*

Luk. 23:34 - *En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daarvoor gewerp.*

Dit is duidelik vanuit God se Heilige Skrif dat ons Redder altyd in beheer is. Hom kom die wraak toe, hoe erg situasies in ons lewe ook al lyk, dit is nie in ons hand om te vergeld nie. Dit is vir ons 'n groot troos, omdat ons weet dat God ons in ons hand hou. Soms vat dit baie van ons as mens om sommer net te vergewe. In daardie lig moet ons ons oog hou op Christus op die kruis (Luk. 23:34).

Die boek is baie aktueel vir vandag, veral as ons die koerant lees en sien hoeveel kinders seksueel gemolesteer en verkrag word. Dit laat 'n mens weer wakker skrik en maak mense se oë oop vir wat regtig in hierdie wêreld aangaan...

Bronne:

1. Dis ek, Anna (Elbie Lötter)
2. E-Sword

Voetspore

Ahoy alle fans

Julle het seker al in spanning na hierdie maand se Voetspoor uitgekyk, en glo my, julle gaan dalk teleurgesteld wees... Ag nee, ek weet nie, julle moet lekker terugsit en lees. Sit goeie agtergrondmusiek aan (verkieklik die Overture in D# van Mendelsohn [1814]) en relax!

Eerste van als was die hoogtepunt in elke persoon se lewe – nee, wat praat ek nou, in elke persoon se HELE lewe – weer op die program die afgelope rukkie. Dit is natuurlik – needless to say – matriekafskeid. Die matrieks en hulle metgeselle het weer dae aaneen aan grimering en hare gewerk, en limosine's gepolish om sodoende gereed te wees vir die groot aand. Alfred het selfs uit die Kaap oorgevlieg, gesak en definitief gepak (met bypassende das) om Dirk Postma se huge event te kom vier. Hy het naamlik Magda vergesel. Volgens ingeligtes is Matriekafskeid anyway Alfred se gunsteling tydverdryf en in 'n onderhoud met Voetspoor het hy die volgende te sê gehad:

Voetspoor: Wat is jou gunsteling kos, Alfred?

Alfred: Ag, weet jy, ek hou nogals van 'n ou stukkie vleis op sy tyd.

Voetspoor: En jou musiek-idool?

Alfred: Definitief Jurie Els!

Voetspoor: Wat was die hoogtepunt in jou lewe?

Alfred: Die drie matriekafskeide wat ek kon bywoon, dit was fenomenaal!

Voetspoor: Dankie Alfred!

Alfred: Dis my eer, Voetspoor!

En na al hierdie hope pret en plesier, kon die matrieks sommer netso weer aan die werk spring vir hul eindeksamen, wat vir almal natuurlik die kersie op die koek is.

Nie veel later nie, het ons gevierde jeuglede, met onder andere in die board of directors setel Willemien Kleyn en Marie-Louise Petra van den Bout (die gevierde karate assistent wêreldkampioen, moenie met haar sukkel nie!)

'n jeugbyeenkoms gerêel met al die jeuglede van Pretoria en omliggende gebiede, ook soms deur oningeligtes "Tshwane" genoem. Dit was nou in die lig van die ICRC (International Conference of Reformed Churches). Daar was egter geen internasionale jeuglede nie, maar dit het die dag nie gekeer nie. Niks kon dit keer nie. Al was die temperatuur selfs te hoog vir die Yellow Pages om te kan bevat (en dan moet jy weet), was die opkoms goed. Willem en Willem het gedink dit was proewe vir Blou Bul rugby, en het dus net gou hulle skills gewys en toe weer huiswaarts te keer (waarskynlik om te gym of om taktiese besprekings te voer). Na die uitdeel van die rysgereg, wat die byeenkoms selfs 'n Maleisiese kleurtjie verskaf het (so te midde van die veelkleurigheid wat reeds geheers het), was dit die plan van die organiseerders om mimiek te doen. Maar na 'n spontane uitbarsting van sokkerkoors het die shibobo's en vuvuzela's en "q'lum shalala" harder gepraat as die stilswye van die mimiek, en het almal grootlikse vermaak gevind in The Beautiful Game. Langs die veld het Voetspoor as talent-scout opgetree. Die volgende persone verdien 'n spesiale melding vanwêe hul grootse talent:

⊖ Marjolein "Pitbull" Stolper. Sy is soos 'n ware stofsuiers en wen elke bal. But wait,

there's more: sy gee nog gratis injuriedraers weg ook!

- ⊖ Lois "Braveheart" Boon. Sy is die enigste Nie-Skot wat met 'n rok kan sokker speel.
- ⊖ Chris "Torpedo" Stolper. Bly maar uit sy pad as hy die bal het, andersins sal jy die nagevolge dra.
- ⊖ Cornelia "ek sal maar op die trappies bly sit" Kerkhoff en Ronald "check die graphics" Kamphuis. Iemand moet op die bench bly sit, nie waar nie?

Binnekort is daar 'n Weakest Link van die jeug. Rudy de Vente gaan spesiaal sy hare rooi kleur, so kyk mooi as julle hom sien. En as hy vir julle knipoog, moenie dink hy is net sommer vriendelik nie, waarskynlik gaan hy jou diep in die oë kyk en sê:

"You are the Weakest Link, goodbye!"

Dis dan dit vir hierdie keer, onthou asseblief net goed: as u 'n Sint Bernard langs die pad sien, bejêen dit met respek en u lewe sal voorspoedig wees.

Sint Bernard Groete
Voetspoor

Deur die sleutelgat

Ek staar die verte in... My dowwe oë poog verwoed om oop te bly en nie toe te gee aan die aanloklike gedagte van slaap nie. Ewe skielik staar ek verward na my hande. Een of ander onverklaarbare brein impuls het my attensie op hulle gefokus... Wat is die rede daarvoor? Ek soek naarsstiglik deur my grysstof vir 'n verklaring. Ek ruk penoent soos die antwoord my tref. En ek wend my tot die taak...

Welkom lesers!

Jammer, dit het 'n tydjie gevat... Soos die Oeral gebergtes nostalgiese oproep in elke rasegte Rus en die Rooi Plein 'n traan na hul oë bring, so is dit met elke Suid-Afrikaner (veral Afrikaners) wat die Taalmonument besoek en daarna Paarlberg se graniet hange beklim.

En so was dit op Erfenisdag. Emosies het hoog geloop met die aanskoue van die simboliek van die argitekturele wonder. Met die woorde van C.J. Langehoven en Israelitiese toeriste in die ore het die jeug die geskiedenis in herinnering gebring. Na 'n strawwe uitmergelende tog die

berg op het die uitsig nie teleurgestel nie. Marthie, ons weerprofeet, se kapsel wou nie saamwerk nie en dit het menigtes laat twyfel oor die beplande braai by Blouberg se strand. Gelukkig was daar ag gegee op haar woorde, want die weer het teen die aand versleg en reën het uitgesak. Maar nie voor die meerderheid van die toergroep by die Waterfront die Mercy Ship gaan besigtig het nie. En wat 'n verrykende ervaring was dit nie. Donasies is gegee, daar is geleer oor hul Christelike hulpverlening aan arm lande en Albert en Johan het amper net daar-en-dan hulle dienste aangebied omdat Kern Fisici (of is dit nou fisikuste??) skaars is. Gelukkig kon die res hulle daar wegsleep voordat elke derde wêreld land uitgerus was met atoomtegnologie.

Het julle opgemerk dat Ilze buitengewoon vrolik was die afgelope tyd? Heel toevallig was Alex (nie "the Brad" nie) ook rond daai tyd hier. Ek dink toe dat dit miskien die rede was maar het dit dadelik verwerp as onwaarskynlik. Hoe kan 'n volbloed boerin halsoorkop wees oor 'n uitheemse kaas? Maar maters, ek moes toe

later uit beide perde se bekke hoor dat dit die geval is! Jou wrintie waar! Ek terg maar hoor!! Ons was verheug om hom hier weer te verwelkom want dan mag ons weer die potspel aandurf by Ilze se nederige nedersetting. Erik-Jan was so opgewonde dat hy hom byna noodlottig gewond het aan die rand van 'n skerp glas voorwerp.

Wel, die HAT het nog nooit so baie aanhang gehad nie. Met die verskyning van die kraakvars nuwe uitgawe het vele weer die HAT oopgeslaan en veral met die oog op genot. Die HAT-gogga (redelik giftig, kom voor in boekrakke in homo sapiens se wonings) het behoorlik gebyt en Alex wou keer op keer sy vernuf ten toonstel om weereens op sy neus te kyk danksy Adriaan se taal vernuf.

Die "Goue Susters" of "Golden Girls" het hul verskyning gemaak op die sosiale front. Die


naam is deels te danke aan hul goue gelaat na menigte sonbrand sessies en die ander rede is dat hulle 'n drievrouskap is. Lizette, Lieneke en Anna is onafskeidbaar en 'n jolige klomp dames. Die sonbrand sessies is gemik op 'n sekere Ali B. Hierdie mislukte sanger wat nederlandse lirieke rymklets sal 'n frons na Marco Borsato se pragtige gelaat bring. Maar ja, die drie is verkoop aan die Marokaan. Nee, dis nie iemand wat 'n piromaam en 'n kleptomaan is nie...

Net om die vure te blus, nee die jeug word nie geborg deur Klippies (sonder Coke) nie. Johan, Freddy en Chris het maar net die Eish gebreek en ondersteun 'n multikulturele Suid-Afrika. Ek moet hier halt roep. Geniet die bloedige hitte wat kom, bly skree vir Province (al is dit moeilik) en probeer om elke dag jou tande te borsel!

Tsenqui!

Blokkraaisel

- Salig is die wat Sy gebooi doen, sodat hulle reg kan hê op die van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. (Openb. 22:14)
- U berei die tafel voor my Teenoor my teëstanders: U maak my hoof vet met olie: my beker loop oor. (Ps. 23:5)
- Daarom, omgord julle lendene van julle verstand, wees en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. (1 Pet. 1:13)
- Julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. (Jak. 4:14)
- God het in Jesus Christus, ons Here, die verbond van met ons en ons kinders opgerig. (Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof)
- As ons ons sondes bely, Hy is En regverdig om ons ons sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. (1 Joh. 1:9)
- Vierde boek in die Bybel wat deur Moses geskryf is.
- Skoondogter van 'n vrou wat haarself Mara (bitterheid) genoem het.





KONGRES 2005

ALLE JEUG VAN 16 JAAR EN OUER
WORD UITGENOOI NA DIE JAARLIKSE JEUGKONGRES

VAN 20-24 DESEMBER 2005

TEMA - 'N HART VIR GOD
MET WERKSWINKELS OOR
'N HART VIR MEKAAR • LIFE ON THE EDGE • VERHOUDINGS • BEGIN IN MY HART

KONGRES ETE - KARNAVAL
KONGRES OUIERS
JAN & JULIËT DE MOOIJ
ALBERT & MANDIE BOUWMEESTER

KOM AAN - JY KAN HIERDIE EEN NIE MISLOOP NIE!
HOU DIE OLIELAMP, ENS. DOP VIR MEER BESONDERHEDE



Studiebeurs Gereformeerde Onderwys:

Die "Kommissie Studiebeurs Gereformeerde Onderwys" nooi alle onderwysstudente, wat alreeds hul eerste studiejaar suksesvol voltooi het, en vir wie gereformeerde onderwys 'n saak van erns is, sodat hulle dit in hulle onderwysberoep wil ondersteun, om aansoek te doen vir 'n onderwysbeurs.

'n Beperkte aantal onderwysbeurse word deur die Bestuur van die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria beskikbaar gestel.

Studente wat aansoek wil doen moet lidmate wees van van die VGKSA, en bereid wees om hul studies by 'n studie-inrigting in Pretoria voort te sit.

Verdere inligting rakende beursverpligtinge sal by aansoek gepos word.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n curriculum vitae.

Sluitingsdatum vir aansoeke is DV Saterdag 12 November 2005.

Kontakpersoon vir die kom SGO(namens die bestuur),

W Pouwels, tel: 012 332 2187

Aansoeke kan gerig word aan die sekretaresse:

Mev C A Agema

Louis Trichardtstraat 887

Rietfontein

0084

Tel/faks: 012 331 1811

Faks 012 332 3414

agemapr@absamail.co.za



Verjaarsdae

Bethal

Germari Nel	2-Nov
Nicky Grobler	2-Nov
Riaan Porter	7-Nov

Johannesburg

Reinier de Haan	12-Nov
Wouter Boessenkool	26-Nov
Marietjie Bijker	22-Dec

Kaapstad

Marthie Breytenbach	3-Nov
Henriëtte Geleijnse	6-Nov
Christiaan Luijk	7-Nov
Rickert Mulder	8-Nov
Harold Lotz	12-Nov
Johan Bijker	15-Nov
Bianca Nicholson	21-Nov
Jaco Haak	8-Dec
Elisabeth Riamond	10-Dec
Anja Luijk	12-Dec
Olga van der Hout	13-Dec

Maranata

Cora Visser	16-Nov
Sietse van der Meulen	24-Nov
Regina van den Bout	30-Nov
Johan Sterk	1-Dec
Willem Sterk	1-Dec
Maryke Aartsma	9-Dec
Thys van der Hout	13-Dec
Renier Kampman	13-Dec
Marinus van der Hout	19-Dec

Pretoria

Renier van der Poel	15-Nov
Albie Agema	30-Nov
Willem Hofsink	30-Nov
Carina Bijker	5-Dec
Tanya de Vente	7-Dec
Lientjie Stolper	17-Dec
Richard de Vente	23-Dec
Timo Schuring	28-Dec